

SENSUUR IN DIE SUID-AFRIKAANSE KOLONIALE TYDPERK

Inleiding: Dit is 'n historiese gemeenplaas dat die inwoners van koloniale en dergelike onvrye gebiede deur die eeue heen oor minder regte beskik en minder vryhede geniet het as ras- of volksgenote in die moederland. Dit is eweneens 'n historiese gemeenplaas dat verset en opstand teen die owerheid ~~histories~~ veel meer dikwels in koloniale gebiede as in die moederland self voorgekom het. Sedert die begin van die sewentiende eeu het in bv. Brittanje - as „koloniale“ Ierland uitgesluit word - slegs een opstand plaasgevind, dié teen die regering van Karel I, terwyl rebellies teen Britse koloniale besture voortdurend in alle dele van die wêreld voorgekom het.

Uit die wêreldwye neiging tot verset en opstand by kolonies het 'n tweede verskynsel voortgevloei: die regerings van moederlande het verset teen en kritiek op die owerheid gewoonlik met meer toegeeflikheid bejeën wanneer dit uit die burgers van die moederland self gekom het as wanneer ontevrede koloniste by die verset betrokke was. Dit was in Suid-Afrika tot die uiteindelijke vrywording in die twinstigste eeu ook die geval. Willem Adriaan van der Stel het bv. veel skerper teen die protesterende Tas-groep opgetree as wat op daardie tydstip ooit in Nederland self voorgekom het, terwyl die optrede van lord Charles Somerset teen die Greig-groep in die twintiger jare van die negentiende eeu veel ingrypender was as wat destyds in Brittanje self gedoog sou word. Kortom: in koloniale gebiede was maatreëls ter beveiliging van die staatsgesag en ter voorkoming van kritiek op of verset teen die koloniale owerheid merendeels skerper as in die moederland self. Dit geld ook sensuurmaatreëls en ander beperkinge op die vryheid van spraak en pers. Bewys hiervan is die poginge wat dikwels by koloniste voorgekom het om die koloniale owerheid met klagskrifte te omseil en die verwydering van griewe in die moederland self te probeer verkry. Die Tas-memorise was bedoel om by die Nederlandse owerheid self verligting van griewe te kry, terwyl die Burgermemorise van die Kaapse Patriotte teen die einde van die agtiende eeu eweneens regstreeks aan die Nederlandse owerheid gerig was. Vyftig jaar later is George Greig met sy griewe na die Britse owerheid in Londen. Hierdie voorvalle word later vollediger bespreek.

I. Sensuurmetodes en -tendense in die H.O.I.K.-tydperk

Die geskiedenis van die blanke gemeenskap in Suid-Afrika kan vir die eerste twee eeue van sy bestaan geriefshalwe beskryf word as 'n voortdurende stryd om vryheid deur 'n volslae onvrye gemeenskap. 'n Omvattende studie van hierdie

vryheidstryd val buite die bestek van hierdie werk, maar 'n helder beeld van die geskiedenis van spraak- en persvryheid kan nogtans nie sonder die aanstip van enkele wegwysers verkry word nie.

Die nedersetting aan die Kaap het aanvanklik uit volslae onvrye mense (in staatkundig-politieke betekenis) bestaan. Jan van Riebeeck en sy mense was amp-tenare van 'n geoktrooieerde handelsmaatskappy wat streng volgens opdragte van die Here Sewentien moes werk. Van die moderne „vryhede” het hulle nie één gehad nie: daar was geen staatkundige en politieke vryheid nie, geen vryheid van besit, van handel, van vergadering, van spraak nie. Daar was selfs nie eens volwaardige vryheid van geloof nie. Die eerste gemeente wat aan die Kaap gestig is, het naamlik onder die klassis Amsterdam geressorteer, ⁽¹⁾ in die beraadslaginge waarvan hulle uit die aard van die saak weinig invloed kon uitoefen. Hierdie volslae gebondenheid word deur dr. B. Spoelstra ⁽²⁾ soos volg beskryf: „As dit in Nederland toe erns was om die leer suiwer teen Roomse en ketterse dwalinge te handhaaf, sou dit aan die Kaap ook so wees. Die streng politieke maatreëls van die Politieke Raad is hiervan 'n sprekende voorbeeld. Die diensdoende predikante onder die Kompanjie was vanselfsprekend verplig om in ‚alles na Gods Woord ende in conformité van de Nederlantse Kerke’ te handel. Daar is talle voorbeelde van die erns waarmee getrag is om die Gereformeerde leer suiwer te handhaaf. Die Morawiese sendeling Georg Schmidt is in 1742 aangekla omdat hy sonder 'n kerklike magtiging 'n paar Hottentotte gedoop het. In 1743 is opgetree teen die krankebesoeker Louis van Dijk, wat allerlei ‚nieuwigheden’ verkondig het. 'n Krankebesoeker, W. Raedsel, wat in 1745 die kerk gekritiseer het en ‚een afgesondert priesterdom’ bepleit het, is aan die Kaap geweier. In 1751 is heftig geprotesteer teen die optrede van ds. H.H. van der Veen, wat volgehou het dat 'n ware Christen van ‚de tijd en de uure zijner weedergeboorte moet verzekerd zijn, 't welk in Gods Woord niet gevonden word en alleen op het zeggen van de menschen word aangenomen.’ In 1769 is onderwyser N.N. de Beer van Stellenbosch uit die land gestuur omdat hy ‚de goddelijkheyd’ van die Heilige Skrif aangetas het.”

Ook die weiering van Simon van der Stel in 1689 om aan die Franse vlugtelinge aangrensende plase en 'n eie kerkraad te gee, beklemtoon die politieke sowel as kerklike onvryheid van die Kaapse bevolking. ⁽³⁾

Die vryheid van die Vryburgers was eweneens nie indrukwekkend nie. Die lasgewing van Ryckloff van Goens in 1657 dat Steven Janszen Botma aangestel word om namens die Vryburgers as burgerraad in die Politieke Raad sitting te neem wan-

(1) Jooste, J.P. - Die Geskiedenis van die Geref. kerk in S.A., p. 44.

(2) Spoelstra, B., Die „Doppers” in Suid-Afrika, p. 2.

(3) Bosseken, A.J., Simon van der Stel en sy kinders, p. 94.

neer dit as geregshof optree „om over de vryluyden fouten en delicten te helpen besoigneeren en sentensieeren" en dat sy „sitplaets moet dan oock niet achter= aff wesen, maar tussen uwen tweeden persoon ende sergeant"⁽⁴⁾ verteenwoordig maar n baie kort treetjie op die lang pad na politieke en staatkundige vryheid.

Die strewe na staatkundige vryheid lê dan ook nie die botsing tussen die Vryburgers en Willem Adriaan van der Stel ten grondslag nie; die stryd het aanvanklik heeltemal oorwegend om ekonomiese benadeling en in die laaste fase om naakte vervolging gegaan.

Die eerste skoot in dié stryd is deur die Politieke Raad geskiet deur die intrekking van die Vryburgers se reg om aan die veehandel deel te neem.⁽⁵⁾ Die oogmerk was duidelik, gesien die groot vee- en grondbesit van die amptenare.⁽⁶⁾ Vervolgens het die voorsprong van die amptenare in die wynhandel tot ernstige gegriefdheid gelei.⁽⁷⁾ Besonder aanstootlik vir die Vryburgers was die „weelde en lust en dolle hoogmoed" van die skatryk geworde hoofamptenare.⁽⁸⁾

Heeltemal sonder staatkundige betekenis was egter selfs die stryd tussen Willem Adriaan van der Stel en die koloniste nie. Wiid⁽⁹⁾ voer aan dat „die grense tussen die ekonomiese en die konstitusionele nooit absoluut kan wees nie. In hul geslaagde stryd teen Willem Adriaan van der Stel het die Vryburgers bv. hul materiële toekoms in ruime mate verseker en terselfdertyd die weg gebaan vir latere politieke emansipasie."

n Volle sewentig jaar sou egter nog verloop voordat die eerste werklike roeringe om politieke medeseggenskap in die Burgermemorie van 1779⁽¹⁰⁾ tot vergestaltung kom. En intussen het die waardige Ryk Tulbagh nog met sy praalwette⁽¹¹⁾ van 1755 ten duidelikste aan die burgery laat verstaan hoe onvry hulle selfs ten opsigte van kleredrag en vervoermiddel is.

Maar selfs voor die Memorie van 1779 het n ongetekende brief in Mei 1778⁽¹²⁾ in die strate van Kaapstad verskyn. Die opskrif het gelui: „De magt en de vrijhede eener Burgerlijke Maatschappij verdedigt door de gevoelens der voornaamste

(4) Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L., Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 28. Memorien en Instructien, 1657-1685, p. 44.

(5) Simon van der Stel en sy kinders, p. 171.

(6) Ibid, p. 172. e.v.

(7) Ibid, p. 174. e.v.

(8) Ibid, p. 182.

(9) Geskiedenis van Suid-Afrika, Band II, p. 29.

(10) Beyers, Coenraad, Die Kaapse Patriotte, p. 1.

(11) Gie, S.F.N., Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel I, p. 185.

(12) Brief van Van Plettenberg aan Here Sewentien, 22 Mei 1779.

Regtsgeleerden, opgedragen aan het oordeel der Caabsche Burgerij."

Veelseggend in hierdie stuk is volgens Beyers⁽¹³⁾ die volgende stelling: Die volk behou hom altoos die reg voor om hom te eniger tyd met die regering of regeringsake te bemoei as dit mag blyk dat die sorg, aan die regeerders toe- vertrou, sleg behartig word. Van dié reg het die volk nie afgesien nie en dit kan ook onder geen voorwendsel daarvan verstoke raak nie. Die volk vermag nie alleen om by 'n wantoestand van sake die regering of regeringswyse te verander nie; hy het nie alleen die reg nie om hom te kant teen regeerders onder wie se bestuur die maatskappy te gronde gaan, hulle af te sit en andere in die plaas daarvan te stel, maar dit is ook absoluut die plig van die volk om dit te doen as hy nie die wet wil oortree nie wat die Alwyse Skepper tot reël van al ons dade en tot rigsnoer van die burgerlike samelewing gestel het.

Hierdie gevorderde politieke denkbeelde word vasgeknoop aan twee „Zeden- wetten“⁽¹⁴⁾ wat vermelding verdien. Hulle lui: „Daar is niets waaragtiger, niets, dat de reden en de heilige Bladeren sterker leeren, dan dat door den Almoogende aan elk mensch, wie hij sij, waar hij woone, deese Wet is opgelegd, als de Grond- wet van alle pligten, namentlijk, dat hij zijn eigen welsijn met dat van zijn Medemensch, en in het bijzonder dat van zijn Medeburgers, soo veel moet bevor- deren als in zijn vermogen is en dát volgens zijn beste kennisse en wetenschap. Uit deesen algemeenen grondpligt, door den Almagtige Schepper elk mensch opge- legd, vloeit deese tweede wet. Dat ieder mensch volgens den staat waar in hij zich bevind, tot het welzijn van het algemeen, en in het bijzonder tot het wel- zijn van den Burgerstaat daar hij een Lid van is, alles moet toebrengen wat in zijn vermogen is.”

'n Bespreking van die Burgermemorie as sodanig val buite die bestek van hierdie studie, behalwe vir enkele artikels wat op verset teen onvryheid dui. Art. 11 van Punt III lui bv.:⁽¹⁵⁾ „Dat ook de Ed. Achtb. Raad van Justitie moge bestaan uit een gelijk getal Leden van Burger-Raaden als van 's Comp. Bedien- des, en de oudste Burger-Raad als Vice-Praesident sal mogen fungeeren,” terwyl in art. 13⁽¹⁶⁾ vrye verkiesings in die volgende woorde gevra word: „Dat in alle burgerlijke Collegien een vrye verkiesing sal mogen plaats hebben, en bij het afgaan der Leden, als meede bij opengevallene plaatsen weder anderen in dersel- ver plaats genomineert en aangesteld zullen mogen worden, met approbatie van

(13) Beyers, C. Die Kaapse Patriotte, p. 150.

(14) Ibid, p. 149.

(15) Ibid, p. 29.

(16) Ibid.

den Edele Heer Gouverneur en regeerende Burger-Raden."

Soos in die dae van Willem Adriaan van der Stel het die beswaardes nog steeds uit vrees vir die regeerders¹⁷⁷⁹ in die geheim gewerk. Die eerste briewe wat die Memorie vooraf gegaan het, is in die geheim in Kaapstad rondgestrooi;⁽¹⁷⁾ Barend Hendrik Taute nooi 'n sekere Ekkert per brief na 'n vergadering op 24 Junie 1778 en sluit sy brief af met „teffens is hun versoek dat Ued. deese met uwe geheimhouding vereere.“⁽¹⁸⁾

Omdat Van Plettenberg nie ~~op~~^{nie}genome met die plan was dat die burgers hulle regstreeks op die Nederlandse bewindhebbers beroep nie,⁽¹⁹⁾ het die vier afgevaardigdes, Jacobus van Reenen, Barend Jacob Artoys, Tieleman Roos en Nicolaas Godfried Heyns, dit gerade geag om sonder opgawe^{af} van hul werklike doel ~~of~~^{en} onder allerlei voorwendsels op reis te gaan. Artoys het reeds op 1 Desember 1778 ontslag as luitenant van die Burgerkavallerie gevra om na Patria te gaan.⁽²⁰⁾ Roos, wat by die bewindhebbers nie juis gewild was vanweë moeilikhede waarin hy in die gemeente Drakenstein betrokke was, ~~nie~~⁽²¹⁾ het verlof gevra om tabakmonsters na Patria te neem.⁽²²⁾ Sy eerste versoek is van die hand gewys en eers nadat hy plegtig onderneem het om hom nie weer met kerklike sake in te laat nie, het hy verlof tot vertrek ontvang.⁽²³⁾ Heyns en Van Reenen het blykbaar sonder moeite verlof gekry, maar die voormelde Barend Hendrik Taute, wat die afvaardiging wou vergesel, het in sy aansoek verklaar dat hy na die Vaderland wil gaan om „zig in de studiën te begeeven.“⁽²⁴⁾

Aangesien in die Kaap van die 18e eeu geen koerante bestaan het nie (die eerste partikuliere drukpers vir staatsdrukwerk het pas in 1784 aangekom)⁽²⁵⁾ is dit moeilik om die presiese omvang van hierdie verset teen onvryheid en gesensureerde denke en die aandrang op spraakvryheid te peil. Volgens Theal, soos deur Beyers aangehaal,⁽²⁶⁾ het 404 mense die memorie onderteken, terwyl Van Plettenberg in 'n brief van 30 Junie 1790 geskryf het: „Men schreeuwd om vrij-

(17) Ibid, p. 1.

(18) Ibid, p. 2.

(19) Ibid, p. 3.

(20) Ibid, p. 4.

(21) Ibid, p. 5.

(22) Ibid.

(23) Ibid, p. 6.

(24) Ibid.

(25) Caltex, Suid-Afrikaanse Erfenis, Band V, p. 1. Sien ook voetnoot 32.

(26) Beyers, voetnoot p. 4.

heid, wij vrij burgers."

Die verdere verloop van die vryheidstryd teen die Kompanjie is nie ter sake nie. Wat egter vas staan, is dat die Kaapse burgery voor die einde van die 18e eeu reeds vas oortuig was van hul reg om te stem. Aan genl. Craig skryf die Graaff-Reineters bv. op 29 Oktober 1795: ⁽²⁷⁾ "We declare, as the vote of the people, that it is not true but false.....Thereupon it has been judged expedient by the general Vote of the People to choose Representatives to maintain the Rights and Interests of the Burghers before the respective Colleges.....We have been commanded by the general Vote of the People to represent all the aforesaid to your Excellency and expect a favourable answer."

Kortom, die Nederlands/Afrikaanssprekendes was ryp vir vrye verkiesings en verteenwoordigende regering toe die Kaap in 1806 vir die tweede keer Britse besit geword en 'n nuwe tydperk van koloniale onvryheid aangebreek het.

Dat die aanspraak op die reg om te stem, soos in die Burgermemorie geformuleer, geen verbygaande gier was nie, blyk trouens uit die Voortrekkergeskiedenis. Treffende bewys hiervan word aangetref in die dagboek van ds. Erasmus Smit (soos deur Totius aangehaal ⁽²⁸⁾), wat die eed weergee wat Piet Retief op 11 Junie 1837 as leier van die Trekkers afgelê het. Die eed het gelui: „Ek, Pieter Retief, deur die volkstem wettig verkies tot hulle goewerneur en hoofaanvoerder van die Algemene Verenigde Laers, sweer ook nou plegtig voor God Almagtig dat ek, as die deur die volk verkose goewerneur (en al die goewerneurs in die toekoms wat na my hierdie verenigde maatskappy sal regeer)....."

In die byna sestig jaar wat teen hierdie tyd verstryk het sedert die Kaapse Patriotte omstreeks 1779 baie beslis te kenne gegee het dat hulle vrye verkiesings by die aanwys van hul regeerders begeer, het dus geen verandering ingetree nie. Uit hierdie oogpunt ⁹ besien, was die aankoms van die Britte, stigters van die „Mother of Parliaments", in werklikheid 'n rem by die ontwikkeling van staatkundige en die verlening van persoonlike politieke vryheid. ⁽²⁹⁾

Baie insiggewend in hierdie verband is die feit dat sowel van Plettenberg as die Nederlandse bewindhebbers geen skerpe optrede teenoor òf die vier verteenwoordigers òf die ondertekenaars van die memorie oorweeg het nie. Dit skyn dus of die Nederlandse bewindhebbers teen hierdie tyd - dit was aan die einde van die Amerikaanse Burgeroorlog - nie veel sinnigheid aan die dag gelê

(27) Beyers, p. 163.

(28) Du Toit, J.D., Versamelde Werke, Band VII, p. 359. Sien ook Beyers, C., Die Kaapse Patriotte, p. 164.

(29) Beyers, Die Kaapse Patriotte, p. 168.

het om kras teen opstuwende vryheidsdrange en spraakvryheid op te tree nie, nie in die tuisland nie en ook nie aan die Kaap nie. Die teendeel skyn waar te wees, nl. dat 'n matte Kaapse bewind sake maar hul gang laat gaan het tot= dat die mense van Graaff-Reinet en Swellendam in die eerste helfte van 1795 werklik tot revolusie oorgegaan het.⁽³⁰⁾ Skerpe sensuur op spraakvryheid in belang van die staatsveiligheid is nie meer toegepas nie.

II. Die Britse koloniale tydperk:

Die gesindheid waarmee die Britte in 1795 na die Kaap gekom het, het ingrypend van dié van hul Nederlandse voorgangers verskil. Die Britse Tories was lank nie so verdraagsaam teenoor revolusionêre gedagtes en praatjies as die Nederlanders nie. Hul aankoms in die Kaap het gevolg pas veertien jaar na die smadelike nederlaag wat die opstandige Amerikaanse Koloniste hulle toegedien het, terwyl Brittanje sedert 1793 in 'n verbete stryd teen die revolusionêre magte van Frankryk onder leiding van Napoleon verkeer het. Die Britse stryd teen revolusionêre denke en handeling tuis en in die buiteland was „oorsaak daarvan dat die Britse gesagvoerders.....'n onliberale, reaksionêre rigting teenoor die eie onderdane in die moederland sowel as teenoor die koloniste ingeslaan het. Dit was veral die geval met kolonies soos Kanada en die Kaap, waar Brittanje op grond van verowering nie-Engelssprekende onderdane verwerf het. Terwyl koloniste van Britse oorsprong aanspraak daarop gemaak het dat hulle hul regte en voorregte as Britse burgers saam met hulle uit die moederland na die kolonies gebring het, kon die Franse Kanadese en die Afrikaners, as verowerde volke, op dergelike regte en voorregte natuurlik geen aanspraak maak nie.⁽³¹⁾

En juis in die vroeë jare van die Britse besetting van die Kaap sou die drukpers en die koerant hul buiging op die Afrikaanse toneel maak.

Oor die datum waarop die eerste drukpers in Suid-Afrika gevestig is, bestaan verskil van mening. In die werkie Suid-Afrikaanse Erfenis, Deel V (uitgereik deur die oliemaatskappy Caltex) word verklaar (p. 3) dat Johan Christiaan Ritter in 1784 met 'n handpers uit Duitsland in Suid-Afrika aangekom en met die druk van almanakke en strooibiljette begin het. Dit sou dan die eerste drukwerk wees wat in die geskiedenis van Suid-Afrika verskyn het.

Hierdie stelling word deur Eric Rosenthal betwyfel. In sy 160 Jaar van drukwerk in Kaapstad, uitgegee deur die Cape Town Association of Printing

(30) Vergelyk Van der Walt, Wiid en Geyer, Band II, p. 29-31.

(31) Ibid, p. 49.

House Craftsmen en die Kaapse Kamer van Drukwerk,⁽³²⁾ verklaar hy: „Daar word algemeen geglo dat Ritter verantwoordelik was vir die invoer van die eerste drukpers, maar dié eer kom iemand anders toe. Die getuienis is dat goewerneur Van Plettenberg in 1782 bekend gemaak het dat die oorlog met Engeland, die vertraging van die aankoms van skepe wat geld van Holland gebring het, en ten spyte van die geld wat van die burgers geleen is, oorsake was wat gelei het daartoe dat die uitreiking van geld gedruk op perkament van die volgende waardes: 12, 24 en 36 stuivers; 1,2,3,4,5,6,8,10,12,15,20,25,30,40,50 en 60 riksdalers gelas is. 'n Pers is gebruik om hierdie geld te druk. Die drukwerk is volgens die eenvoudigste manier moontlik gedoen en waarskynlik is die drukblokke in die Kaap gemaak." Klaarblyklik was hierdie drukpersie Kompanjies-eiendom, want geen verwysing na 'n partikuliere drukker in Kaapstad voor die aankoms van Ritter kan opgespoor word nie.

Aan die hand van 'n studie van werke van Meurant, Lloyd, prof. J. du Plessis, Gustav Preller en McMurtie spreek Theo Cutten voorts twyfel uit of Ritter na sy aankoms wel aktief aan die druk gegaan het.⁽³³⁾

Cutten verklaar dat 'n versoek van die Politieke Raad dat 'n drukpers aan die Kaap opgerig word, in 1783 deur die bewindhebbers in Amsterdam geweier is⁽³⁴⁾ en dat 'n tweede aansoek drie jaar later eweneens van die hand gewys is. Die besluit van die Politieke Raad van 1793 dat 'n drukkery wel opgerig word en dat Ritter as hoof daarvan aangestel word, is deur die eerste Britse besetting ongedaan gemaak.⁽³⁵⁾ 'n Tweede drukker, H.H. Smith, het in 1795 na die Kaap geëmigreer en saam met hierdie twee die goewerneur, sir George Yonge, met die versoek genader dat hulle as regeringsdrukkers aangestel word.⁽³⁶⁾ Volgens Cutten het Smith in sy aansoek beloof dat hy niks sou druk nie as werke vir die regering, kennisgewings van vendusies, katalogusse en dergelyke stukke. Die goewerneur het beloof om die aansoek te oorweeg en Smith intussen opdrag gegee om

(32) Rosenthal, Eric, 160 Jaar van drukwerk in Kaapstad, p. 4, 5. Sien ook Nie-naber, P.J., 'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Drukkers in S.A., Tweede Trek-reeks, nr. XXV, Nasionale Pers, 1943, p. 3 e.v.

(33) Cutten, T.E.G., A History of the Press in S.A., voetnote p. 2, 3.

(34) Ibid, p. 4. Die Politieke Raad was by die Bataafse Statute van 1642, soos vir die Kaap aangepas, met die bevoegdheid beklee om lisensies uit te reik of te weier. Vergelyk Van der Walt, Wiid en Geyer, Band II, p. 17-20.

(35) Ibid.

(36) Ibid, p. 5.

niks anders as die vermelde stof te druk nie.⁽³⁷⁾ Intussen het Ritter blykbaar ook voortgegaan om drukwerk te lewer en een van sy almanakke, dié van 1796, is een van drie stukke drukwerk van voor 1800 wat in die Kaapse Argief bewaar word.⁽³⁸⁾

In weerwil van sy belofte aan Smith het die goewerneur ewenwel op 15 Julie 1800 'n drukkersmonopolie aan Walker en Robertson, 'n gesiene handelsfirma, toegesê.⁽³⁹⁾ Hierdie firma het vroeg in 1800 'n drukpers, letters, drie drukkers en 'n Nederlandse vertaler ingevoer en 'n drukkerij in Pleinstraat ingerig.⁽⁴⁰⁾ Van Ritter en Smith, die protesterende mededingers van die staatsmonopoliste, is ontslae geraak deur hul drukpers te koop en vir Smith is 'n betrekking by Walker en Robertson gevind.⁽⁴¹⁾ Walker en Robertson het spoedig met die uitgee van die eerste koerant in die geskiedenis van Suid-Afrika begin, nl. die Cape Town Gazette and African Advertiser (Kaapsche Stads Courant en Afrikaansche Be-rigter), waarvan die eerste uitgawe op 18 Augustus 1800 verskyn het.⁽⁴²⁾ Blykbaar steeds onrustig oor hierdie ontwikkeling, het die goewerneur op 10 Oktober 1800 die monopolie beëindig deur die drukkerij te koop,⁽⁴³⁾ waarna die regering self voortgegaan het om Kaapstad se eerste koerant uit te gee, blykbaar uit vrees vir die moontlikheid dat 'n persorgaan van betekenis in partikuliere hande tot stand kon kom. Dit „was eintlik 'n staatsblad, maar het allerlei nuusberiggies en advertensies ook opgeneem.“⁽⁴⁴⁾ Tydens die bewind van die Bataafse Republiek (1803-1806) het die blad eentalig Nederlands geword, bekend as die Kaapsche Courant, maar met die terugkeer van die Engelse bewind het dit weer soos in 1800 'n tweetalige staatsblad geword en tot 1826 as sodanig voortbestaan, toe dit heeltemal verengels is en louter staatskoerant geword het.⁽⁴⁵⁾

Die eerste blyke dat die bewindhebbers nie met dié blad tevrede was nie, het in 1822 gekom. Op 5 Januarie het die blad 'n kennisgewing gepubliseer wat soos volg gelui het: „His Excellency, the Governor and Commander-in-Chief,

(37) Ibid.

(38) Caltex, S. Afrikaanse Erfenis, Deel V, p. 3.

(39) Cutten, p. 5.

(40) Ibid.

(41) Ibid, p. 6.

(42) Bosman, F.C.L., Hollandse Joernalistiek in S. A. gedurende die 19e Eeu, p. 1.

(43) Cutten, p. 6.

(44) Bosman, p. 1.

(45) Ibid.

has thought proper to direct that all public communications which may appear in this paper, signed with any official signature, cease to be considered as official communications to those persons to whom they may relate."⁽⁴⁶⁾ Dit was regstreeks in stryd met die lasgewing van goewerneur Johan Willem Janssens in 1804, nl. dat die publikasie van proklamasies, „notificatien, Keuren, wetten, Akten of orders" van watter naam of aard ook al wat in die weekblad geplaas word ná bekragtiging deur ondertekening, beskou moes word as voldoende kennisgewing aan die inwoners van die kolonie, en wel asof dit regstreeks aan die betrokke persone gerig ^{was} ~~is~~.⁽⁴⁷⁾

n Omvattende studie van die stigting van koerante aan die Kaap val buite die bestek van hierdie werk. ^{Ric} Bostaande dien egter om die aandag op n reeks belangrike feite toe te spits.

In die eerste plaas verbaas dit enigermate dat die Kaapse koloniste, selfs ná die Patriottestryd sedert die jare 1779, nog so huiwerig was om n eie pers op te rig en met die publikasie van koerante te begin. Vroeër in hierdie werk is reeds aangedui dat Nederland sy eerste koerante in die omgewing van 1620 gekry het en Frankryk, die tuisland van die Hugenote, die Gazette de France in 1631. Miskien moet hierdie onverskilligheid jeens koerante by die Kaapse burgers van die laat agtiende eeu daaraan toegeskryf word dat die afgesonderde leefwyse van die Kaap, veral in die binneland, weinig stimulerend vir die vestiging van n koerantbedryf was.

Maar die hele antwoord is dit nie. Die bewindhebbers in die moederlande was wars ^{van} die gedagte dat vrye spraak en n vrye pers in die Kolonie ontwikkel. Van Plettenberg het, soos reeds vermeld, onrustig gevoel oor die „geskreeu om vryheid", terwyl hy die Memorie van 1779 in sy amptelike antwoord as „eene onverantwoordelike ondankbaarheid" bestempel het.⁽⁴⁸⁾ Uit sy „Consideratien", gedateer 20 Maart 1781, laat hy ook baie duidelik blyk dat hy erg gegrief voel oor die feit dat die burgers by hom verby gegaan en hulle regstreeks op Amsterdam beroep het.⁽⁴⁹⁾

Heeltemal onnatuurlik is hierdie onrus van die koloniale bewindhebbers nogtans nie. In die Amerikaanse kolonies het opstand teen Brittanje in 1775 uitgebreek, n gebeurtenis wat (nie die aandag van die Kaapse Patriotte) ontgaan het

(46) Cutten, p. 10.

(47) Ibid, p. 7.

(48) Beyers, Coenraad, Die Kaapse Patriotte, p. 43.

(49) Ibid, p. 42.

nie.⁽⁵⁰⁾ In Patria self was die gees van die Aufklärung in die tweede helfte van die agttiende eeu vaardig en het veral die Amerikaanse Vryheidsoorlog en Engelse skrywers soos John Locke, Francis Hutcheson, David Hume, Joseph Priestley en dr. Richard Price groot belangstelling gaande gemaak.⁽⁵¹⁾ En in die onmiddellike nabyheid van Nederland het Frankryk aan die vooraand van sy groot Revolusie gestaan. Buitendien het die Kaapse Patriotte verband met die Nederlandse Patriotte onderhou.⁽⁵²⁾

As die Nederlandse bewindhebbers rede gehad het om onrustig te voel oor die vryheids-, in sommige gevalle opstandsges, onder die Kaapse burgery en as gevolg daarvan huiwerig was om hierdie gees deur koerante te laat aanwaker, het die Britse bewindhebbers wat midde in die Europese revolusie in die tyd van die vroeë Napoleontiese oorloë die Kaap namens 'n klaar verdryfde Nederlandse vors in besit geneem het, moontlik nog meer rede gehad om 'n wakende oog oor die drukpers te hou. Die eerste Engelse bewindhebbers het hulle daarin van hul Nederlandse voorgangers onderskei dat hulle eerder meer as minder reaksionêr was. Die Britse gesindheid blyk in die besonder uit die vereiste dat die burgers 'n tussentydse eed van trou aflê,⁽⁵³⁾ die omverwerping van die opstandsbewind in Graaff-Reinet en die hardhandige optrede teen die rebelle van Slagtersnek.⁽⁵⁴⁾ Kortom: die Britte was sterk geneig om vryhede in belang van rus en orde in te kort.

Opvallend in hierdie tyd was die gebrek aan agting vir die tradisies en opvattinge van die Koloniste. Om die Graaff-Reineters tot oorgawe te help dwing, was een van die eerste stappe van genl. Craig die samestelling van 'n Hottentottekorp vir gebruik teen blankes,⁽⁵⁵⁾ 'n stap wat tot die Slagtersnekrebellie bygedra het,⁽⁵⁶⁾ die instelling van die Swarte Ommegang om beweerde wandade van blankes jeens Hottentotte te ondersoek en die ondermyning van die Nederlandse taal. Die gevolgtrekking lê voor die hand dat vrees vir die tydges by sowel Nederlandse as Britse bewindhebbers aan die einde van die 18e en die begin van die 19e eeu tot die ontmoediging van

(50) Theal, History and Ethnography before 1795, Band III, p. 113; Beyers, Die Kaapse Patriotte, p. 143 e.v.

(51) Beyers, p. 169.

(52) Ibid, p. 179.

(53) Van der Walt, Wiid en Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 131.

(54) Ibid, p. 163.

(55) Ibid, p. 132.

(56) Ibid, p. 163.

rengelings

pers- en spraakvryheid gelei het.

Sensuur deur Taalonderdrukking:

Ruim drie jaar voordat die Kaap finaal in 1814 aan Brittanje oorgedra is, het die bewindhebbers reeds met die toepassing van die beleid van verengelsing begin, wat op die duur een van die drukkendste beletsels op spraakvryheid vir die Afrikaanssprekendes was, al was dit heeltemal onregstreeks. In 1811 het sir John Cradock aan graaf Liverpool geskryf dat dit wenslik was om die gebruik van ~~die~~ Hollands stelselmatig te beëindig, en wel deur die versigtige en voortdurende invoering van dieselfde wette, dieselfde beginsels en dieselfde instellinge as dié van die moederland.⁽⁵⁷⁾ Op 20 Februarie 1813 volg die eerste openlike stap ter bevordering van Engels ten koste van Hollands. n Regeringskennisgewing het op hierdie dag in die Cape Town Gazette verskyn waarin gewys is op die voordele van n uitgebreide kennis van die Engelse taal vir enigiemand wat in die regeringsdiens wou tree.⁽⁵⁸⁾

Die oogmerke wat n eeu lange veldtog moes bereik, is taamlik voor die hand liggend. Theal⁽⁵⁹⁾ stel dit so: „They (die Kaapse koloniste) were only a little over thirty thousand in number, and it seemed absurd that such a small body of people should be permitted to perpetuate ideas and customs that were not English in a country that has become part of the British Empire.” Prof. D.H. Cilliers⁽⁶⁰⁾ se gevolgtrekking is dat lord Charles Somerset se taalmaatreëls duidelik daarop bereken was om die verbintenis tussen die koloniste en die Nederlandse moederland deur te sny, o.m. deur die ontmoediging van studie deur Suid-Afrikaners aan Nederlandse universiteite en die vervanging van die Nederlandse geestelike erfenis deur die „institutions and manners” van Brittanje. In die moderne idioom sou dit breinspoeling genoem kon word.

Vir die oogmerke van hierdie studie is dit onnodig om die angliseringsbeleid tot in die fynste besonderhede uit te pluus. Dit is trouens deur prof. Cilliers in sy proefskrif gedoen. Hoogstens is ^{dit} nodig om kortliks te verwys na die metodes wat aangewend en die resultate wat bereik is, in die besonder met betrekking tot staatkundige en persvryheid.

Die heel eerste stap in hierdie fyn beplande veldtog was die invoer van

(57) Ibid, p. 165.

(58) Ibid.

(59) Theal, Progress in South Africa, p. 110.

(60) Cilliers, D.H., Die Stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool, p. 34. (n Doktorale proefskrif.)

Skotse predikante vir die bediening van die snel uitbreidende Kaapse kerk. Nie Nederlandse predikante is ingevoer nie, maar predikante van die Skotse Presbiteriaanse Kerk is na Nederland gestuur om daar die Nederlandse taal aan te leer en dan na Suid-Afrika te kom. Ten 1834 was reeds dertien uit die 23 predikante in die Kaap manne van Skotse oorsprong. ⁽⁶¹⁾ Hierdie manne het spoedig aan die spits van die angliseringsaksie gestaan, soos o.m. blyk uit 'n brief van ds. George Thom aan lord Charles Somerset, waarin dié geestelike skryf dat met die oog op die plan om Engels in die geregshoue in die stad en op die platteland in te voer, ⁽⁶²⁾ „new and prudent measures are taken to introduce our tongue.“ ⁽⁶³⁾ Thom skets die taaltoestand aan die Kaap soos volg: Van die 60,000 Hollandse koloniste „out of Cape Town.....there are not 400 who can converse in English and not 200 if 150 who write it, or can read it.....and thus there are nearly 60,000 Dutch colonists who do not understand a word of English and are likely to remain so for ages.“ ⁽⁶⁴⁾

Blykbaar vanweë sy angliseringsywer ontvang Thom in 1821 van Somerset die opdrag om in Engeland en Skotland predikante en onderwysers te werf en die jaar daarna volg Somerset se bekende ¹⁸²² proklamasie ter reëling van taalaangeleenthede aan die Kaap. In hierdie proklamasie, gedateer 5 Julie 1822, swaai Somerset die Skotse predikante lof toe en maak hy bekend dat genoeg Engels-sprekende onderwysers aangekom het om geplaas te word „at every principal place throughout the Colony, for the purpose of facilitating the acquirement of the English language to all classes of society.“ ⁽⁶⁵⁾

Die juridiese implikasies van hierdie proklamasie was die volgende: Met ingang 1 Januarie 1823 word alle regeringstukke in Engels opgestel en alle amptelike briefwisseling in Engels gevoer; op 1 Januarie 1825 word Engels die voertaal in alle regeringskantore; en op 1 Januarie 1827 word Engels die taal van alle howe in die kolonie. ⁽⁶⁶⁾ Die opdrag kon, vir sover dit die howe betref, in elk geval nie uitgevoer word nie. Vanweë ernstige ontevredenheid is die uitsluiting van Hollands uit die howe op 13 Desember 1826 vir twee jaar opgeskort. ⁽⁶⁷⁾ Die koeël was in elk geval deur die kerk. Waar al nege howe in

(61) Van der Walt, Wiid en Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 165.

(62) Ibid, p. 166.

(63) Cilliers, p. 33.

(64) Theal, Records XIII, p. 386 e.v.

(65) Ibid.

(66) Van der Walt ens., p. 166.

(67) Cilliers, voetnoot p. 47.

die kolonie in 1822 nog Hollands as voertaal gehad het, is in 1828 alle burgers as juriëlede uitgesluit wat nie tweetalig was nie en het die howe heeltemal Engelse instellings geword. Hoewel alle advokate in die vroeë dertiger jare Hollandssprekend was, was meer as die helfte van die prokureurs teen 1831 reeds Engelssprekend. (68)

Die beleid van verengelsing het nogtans onder die breë lae van die volk geen indrukwekkende vordering gemaak nie, behalwe in die geval van mense wat ^{Engels} onder ekonomiese dwang moes aanleer of amptenare wat vir hul betrekkinge gevrees het. In hierdie verband is die brief wat William Dunn op 9 Junie 1821 aan die Britse sekretaris van oorlog geskryf het, veelseggend, nl. „the Dutch gentlemen in Office....have been frightened by their conquerors and therefore began to study and are become a sort of English gentlemen.” (69) Maar in die onderwys en kerk was daar verset. Vir die ouers „was godsdiensoonderrig in n ander taal as Hollands ketters.” (70) Buitendien het die ingevoerde onderwysers nie die mas kon opkom nie. (71) Die agteruitgang van die Engelse skole was egter in hoofsaak daaraan te wyte dat „the inhabitants conceive it unnecessary to let their children learn English, for they have found that they get through the world without it; and their religious instruction is in the Dutch language.” (72)

In sy samevatting stel Cilliers dit ~~juis waar hy beweer~~ dat, terwyl die onderdrukkingsmaatreëls tydens die Nederlandse bewind ekonomies van aard was, die Engelse bewind „ook nog n kulturele onderdrukking geword het waardeur sy (die Afrikanervolk se) voortbestaan ook op geestelike gebied bedreig is, n veel dodeliker gevaar as die eerste.” (73)

Die deur die Britte so sterk begeerde eenwording van die bevolkingsgroepe aan die Kaap deurdat die Hollandse koloniste hul erfgoed vir dié van Brittanje ^{maes} verruil, is ~~nie~~ deur die angliseringsbeleid/^{maes} bevorder nie. In hierdie verband heil Cilliers biskop Grey aan, wat verklaar het: „The two races, in fact, do not associate. The English look on them with contempt, and they feel their inferiority and are jealous of those who are their superiors.” (74)

(68) Ibid.

(69) Theal, Records, XIV, p. 18 e.v.

(70) Van der Walt, Wiid en Geyer, p. 167.

(71) Cilliers, p. 40.

(72) Report Education Commission, 1863, p. 12.

(73) Cilliers, p. 43.

(74) Neame, L.E., Hertzog, p. 29.

Theal se siening van die toestand was ~~meentlik suiwerder~~ ^{anders} as hierdie sma-
lende opmerking van 'n klaarblyklik hooghartige Brit. Hy het dit so gestel:
„But these thirty thousand individuals possessed a tenacity of purpose not ex-
ceeded by any other people on the face of the earth. They could be led to any
good.....but, though they might be crushed by superior force, they could
not be driven by anything short of that in a direction that they did not choose
to take.”⁽⁷⁵⁾

Die feit dat die koloniste in stugge afsydigheid verval het, beklemtoon in
werklikheid die sware las wat hierdie vorm van negatiewe sensuur hulle opgelê
het. In 'n tydperk van intense geestelike ontwikkeling in die res van die wêreld
is die koloniste deur 'n besluit van 'n onsimpatieke owerheid grootliks geïsoleer.
Die koloniste ~~se mond~~ ^{die mond} is doeltreffend gesnoer wanneer dit by deelname aan die
openbare en politieke lewe gekom het. Die volkstem waarop hulle nog teenoor
Craig geroem het, is nie in die Kaap gehoor nie, selfs nie ná die instelling
van eie politieke bestuursliggame nie. Op die duur het hierdie sensuurvorm eg-
ter geen bydrae tot die staatsveiligheid gelewer nie. Van die begeerde verenig-
de burgery agter 'n Britsgeoriënteerde koloniale owerheid het niks tereg gekom
nie. 'n Aansienlike gedeelte van die bevolking is trouens permanent teen die re-
gering in die harnas gejaag.

Die Wetgewende Vergadering:

Hoewel die stemregbevoegdhede vir die Wetgewende Vergadering wat in 1854
ingestel is, baie ruim was - „zelfs niet onbekwaamheid aan de kant van de
kiezer om zijn naam te tekenen”⁽⁷⁶⁾ was 'n beletsel nie ^{verklaar} J.H. Hof-
meyr „dat door de Konstitutie de laatste spijker in de doodkist van de Holland-
se taal in de Kolonie geslagen ^{word}. Door artikel 89 van de Ordonnantie werd
bepaald: „Dat alle debatten en diskussies in de Wetgevende Raad en Wetgevende
Vergadering, respektievelik, in de Engelse taal gevoerd zullen worden, en dat
alle journalen, aantekeningen, notulen en verrichtingen van voormelde Raad en
Vergadering in diezelfde taal gehouden en geregistreerd zullen worden.”⁽⁷⁷⁾

Hieruit volg ~~noo dwingend~~ die afleiding dat 'n nie-blanke wat Engels redelik vlot
kon praat, al kon hy sy naam nie teken nie, teoreties aan die debatte van die
Raad en Vergadering sou kon deelneem, maar 'n goed geleerde man wat Engels nie
magtig was nie, outomaties van die debatte uitgesluit sou wees.

(75) Theal, Progress in S.A., p. 110.

(76) Hofmeyr, J.H., Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr, p. 101.

(77) Ibid.

Die gelatenheid waarmee die meerderheid koloniste hierdie opskuiwing van hul taal aanvaar het, verbaas ietwat. Het Volksblad, wat slegs 'n paar maande lank bestaan het, het in sy uitgawe van 6 Julie 1849⁽⁷⁸⁾ weliswaar gewys op die „schreeuwende onregtvaardigheid“ indien die Hollandse taal uitgesluit word „van de redekavelingen van het Vertegenwoordigend Lichaam“ wat op hierdie tydstip reeds verwag is.

De Zuid-Afrikaan, sedert 1830 ~~inbestuk~~ ^{oprekhuis} van die Hollandse koloniste, was oor die beskerming van Nederlands baie minder begaan. In antwoord op 'n brief van 'n plattelandse leser wat aanvoer „dat als de kiezers in de buiten distrikten gehouden zyn slechts personen voor te stellen en te kiezen die de Engelsche taal magtig zyn, wy dan geene vrye, maar een gedwongen keuze zullen moeten maken, omreden dat in veele distrikten zoodanige personen die volkomen publiek vertrouwen bezitten en met alle plaatselyke kennis en bekwaamhede eene zitplaats waardig zyn, de Engelsche taal niet magtig zyn, terwyl de weinige die de Engelsche taal magtig zyn, weinig of geene plaatselyke kennis bezitten en in vele gevallen ook geen publiek vertrouwen,“ antwoord die blad: „Het is ongetwyfeld een bezwaar dat men als het ware onder de verpligting ligt om zyne stem aan eenen vreemdeling te geven wiens bekwaamheden men slechts volgens gerucht kent, maar het is zeker de verstandigste weg om van twee euvels het geringste te kiezen.“⁽⁷⁹⁾ Hierdie slap houding wat van min nasionale politieke bewustheid getuig, het moontlik meegewerk dat die Kaapse Afrikaners lank nie soveel politieke ambisies gekoester het as hul rasgenote wat oorkant die Oranjerivier toe reeds besig was om van die Republiek van die Oranje-Vrystaat 'n modelstaat te maak nie. Hierdie politieke onrypheid was so opvallend dat Onze Jan bv. in De Zuid-Afrikaan 'n teenstander van die verlening van verantwoordelike bestuur aan die Kolonie was, en wel „wegens de weinige belangstelling in wetgevende instellingen en de verspreidheid van de bevolking het land nog niet voldoende ontwikkeld was om zulk een stelsel te kunnen verdragen.“⁽⁸⁰⁾

Begin van Verset:

In die eerste ^{latere} verkiesing vir die Wetgewende Vergadering het ^{die Kersafdeling} Albert (met Burgersdorp van Taalmonument-roem as hoofdorp) die grootste van twee euvels gekies deur ~~aan~~ J.A. Kruger as sy verteenwoordiger na die Wetgewende Vergadering te stuur. Reeds op 16 Mei 1856 het hy van die Speaker verlot gevra om in

(78) Scholtz, Dr. J. du P., Die Afrikaner en sy Taal, 1806-1875, p. 64.

(79) Ibid, p. 66, 67.

(80) Hofmeyr, p. 115.

die Vergadering Hollands te praat en dit te laat ~~vertolk~~.⁽⁸¹⁾ Die Speaker kon hierdie versoek sonder meer weier omdat dit in stryd met die taalartikel van die grondwet was (art. 89). In die South African Commercial Advertiser van die volgende dag is berig dat dr. Tancred van Clanwilliam daarop kennis gegee het dat hy die volgende Maandag sou voorstel dat die Goewerneur 'n wetsontwerp in hierdie verband indien. Hy was dié Maandag egter nie aanwesig nie en van die voorstel het niks tereg gekom nie.⁽⁸²⁾ Die volgende jaar is weer twee petisies ingedien en in 1858 nog twee,⁽⁸³⁾ maar telkens het die versoeke misluk „en dit sou byna vyf-en-twintig jaar duur voordat hierdie belangrike onderwerp weer in die parlement ter sprake kom.”⁽⁸⁴⁾ Briewe waarin om die erkenning van Hollands in die parlement gevra is, het steeds in die pers verskyn,⁽⁸⁵⁾ maar sonder uitwerking. „Die 'offisiële' mening onder die Afrikaners was nog altyd dat die Hollandse taal as huistaal, as godsdienstaal en in die algemeen as kultuurtaal sy plek het in die Kolonie, maar nie as taal van staatsbestuur nie.”⁽⁸⁶⁾ In hierdie verband haal Scholtz 'n hoofartikel in Het Volksblad van 18 September 1864 aan waarin verklaar word: „het staatkundige overwigt der Engelsche taal (is) nogtans eene zoo uitgemaakte zaak, dat de vraag nooit kan ontstaan, welke taal gebezigt zal worden in het gemeenschappelijke Parlement van Zuid-Afrika, als we immer er een krijgen.”⁽⁸⁷⁾

Vir sover dit staatsake betref, het die leiers van die Kaapse koloniste duidelik besluit dat dit beter is om ~~die monde van~~ nie-Engelssprekendes lie-
die mond
wer te laat snoer as om die oorheersing van die Engelse taal in die landsbestuur uit te daag.

Die verloop van die angliseringsproses in die Kolonie werp tot sekere hoogte ook lig op die vraag waarom die Hollandssprekendes feitlik geen aandeel gehad het aan die sogenaamde stryd om die vryheid van die pers wat in die twintiger jare aan die Kaap losgebars het nie. Die opvallende afgeslotenheid waarin die Hollandssprekendes verval het, het meegebring dat die enigste

(81) Votes and Proceedings of the House of Assembly, nr. 43 van 1856, p. 284.

Sien ook Bierman, dr. Barrie, Ons Monumente, p. 23.

(82) Scholtz, voetnoot p. 116.

(83) Ibid, p. 118.

(84) Ibid.

(85) Ibid, p. 118-122.

(86) Ibid, p. 122.

(87) Ibid.

twee aktiewe Hollandsskrywende joernaliste van die tyd, ds. Abraham Faure en Josephus Suasso de Lima, hulle versigtig buite die stryd tussen lord Charles Somerset aan die een kant en George Greig, Thomas Pringle en John Fairbairn aan die ander kant gehou het. Faure het sy Nederduitsch Zuid-Afrikaans Tydschrift feitlik geheel en al aan kerklike en teologiese sake gewy, sodat „the contents of his paper.....gave no offence in official quarters,"⁽⁸⁸⁾ terwyl De Lima „goed gesorg (het) dat hy met die goewerneur nie in botsing kom nie."⁽⁸⁹⁾ In hierdie verband moet egter ook onthou word dat die stryd tussen Somerset en die joernaliste n meer tipies Engelse agtergrond gehad het: die goewerneur, n Tory uit die oude doos, het sy teenstanders „as n boel ‚radikale’ en ‚revolutionêre’ verafsku."⁽⁹⁰⁾

Σ neg n Moontlike ~~verdere~~ rede waarom die Hollandse koloniste hulle nie tot die teenstanders van die goewerneur aangetrokke gevoel het nie, moet daarin gesoek word dat Pringle en Fairbairn blykbaar vroeg aansluiting met dr. John Philip en die aanstigters van die swarte ommegang gevind het. Pringle is trouens op 10 Mei 1831 getroud met Elizabeth, dogter van dr. Philip, wat op die noue verbintenis tussen die jong joernaliste en die mense van die Londense Sendingsgenootskap dui. Die gesindheid van die koloniste teen ^{hierdie} groep mense was een van vyandskap.⁽⁹¹⁾ Daar kan dus met redelike veiligheid tot die gevolgtrekking geraak word dat die rusie tussen die goewerneur en die Engelse joernaliste vir die Hollandse koloniste na n onderonsie tussen geesgenote gelyk het, nie een van wie vir die Hollandssprekendes juis aanneemlik was nie. Selfs Faure, wat in betreklik noue voeling met Fairbairn en Pringle gewerk het - sy Nederduitsch Zuid-Afrikaanse Tydschrift was naamlik aanvanklik die Hollandse dubbelganger van die vroeg gestorwe South African Journal - het geweier om die petisie te onderteken waarin die Koning op 15 Mei 1824 om n vrye pers aan die Kaap gevra is.⁽⁹²⁾ Die filantropiese groep waarby Fairbairn en Pringle aangesluit het, was dan ook bekend as die Philippynse party,⁽⁹³⁾ ter-

(88) Cutten, T.E.G., p. 12, 14.

(89) Bosman, F.C.L., Hollandse Joernalistiek in Suid-Afrika, p. 1.

(90) Van der Walt, ens., p. 173. ^{Kyk} ook A.M. Lewin Robinson, None Daring to Make us Afraid, p. 14.

(91) Van der Walt, ens., p. 162: „Lank na die opsienbarende hofsake het daar by sommige mense selfs n vooroordeel teen die sending as sodanig ontwikkel. Die verbittering in die gemoedere van die koloniste het nie gou bedaar nie."

(92) Robinson, p. 34, 35.

(93) Bosman, p. 3 kol. 2.

wyl die Cape of Good Hope Literary Gazette se redakteur, Alexander Johnstone Jardine, in 1835 verwys het na 'n onderhoud wat hy met die goewerneur in verband met 'n lisensie om 'n koerant gehad het en waarin die goewerneur sou gesê het: „Earl Bathurst is much opposed to any discussion in this colony on political matters....and the old colonists, the Dutch, are equally opposed to what you may call the Liberty of the Press.”⁽⁹⁴⁾

Met taalonderdrukking het die Britse bewindhebbers dus niks positiefs bereik nie. Die staatsveiligheid word nie deur die vervreemding van die burgers bevorder nie en tydelike gebrek aan belangstelling vir die landsregering kan ook nooit as beveiliging of bevordering van die staatsbelange beskou word nie.

Die stryd om persvryheid aan die Kaap in die twintiger jare van die vorige eeu het, soos uit die hele samehang blyk, dus nie op 'n betekenisvolle voorwaartse stap in die rigting van òf persoonlike vryheid van spraak òf vryheid van die pers neergekom nie. Lord Charles Somerset se optrede was administratief van aard en dié van lord Bathurst, wat die petisionarisse in die gelyk gestel het, eweneens 'n administratiewe beslissing. Juridies het die Libel Act (1791) nog steeds die Britse persvryheid, en gevolglik ook dié van die Kaapkolonie, gereël.

Verlening van vryhede:

Die eerste betekenisvolle stap in die rigting van groter burgerlike vryhede wat deur 'n Britse goewerneur aan die Kaap gedoen is, was die opheffing in 1848 van die verbod op openbare vergaderings wat deur lord Charles Somerset op 24 Mei 1822 ingestel is.⁽⁹⁵⁾ Lord Charles het naamlik bepaal dat geen openbare vergaderings "for the discussion of public measures or political subjects" sonder die uitdruklike toestemming van òf die Goewerneur òf die plaaslike hoofmagistraat gehou mag word nie.⁽⁹⁶⁾ In hierdie verband het die proklamasie van 12 Desember 1848 bepaal: "That the proclamation aforesaid of 24th May 1822, and any other law heretofore in force in this colony, whereby public meetings for the discussion of public measures and political subjects are declared or constituted illegal.....shall be repealed, and the same are hereby repealed accordingly."⁽⁹⁷⁾

Die volgende stap was die waarborg van spraakvryheid in die parlement. Dit is vasgelê by wet 1 van 1854 en maak voorsiening vir die gebruikelike par-

(94) Robinson, voetnoot p. 129.

(95) Eybers, G.W., Select Constitutional Documents, Tweede Druk, 1918, p. 4.

(96) Ibid.

(97) Ibid, p. 4 en 5.

lementêre privilegie vir lede: „Be it therefore enacted by the Governor, by and with the advice and consent of the Legislative Council and the House of Assembly, that there shall be Freedom of Speech and debates, or Proceedings in Parliament, and that such Freedom of Speech and debates, or Proceedings in Parliament, shall not be liable to be impeached or questioned in any court or place out of Parliament.”⁽⁹⁸⁾

In die tweede artikel van die wet word hierdie privilegie uitgebrei tot persone wat enige „Report, Paper, Votes or Proceedings” van die parlement publiseer, mits sodanige persoon ’n sertifikaat van die President of Klerk van die Wetgewende Raad of die Speaker of Klerk van die Wetgewende Vergadering kon voorlê waarin verklaar word dat die gewraakte materiaal gepubliseer is „by teen=
such person or persons, or by his or their servant or servants, by order or *stryk?*
under the authority of the Legislative Council, or the House of Assembly, as the case may be.”⁽⁹⁹⁾

Dit is duidelik dat hierdie artikel nie privilegie aan koerantberigte verleen het nie, aangesien joernaliste nie „by order or under the authority” van die Parlement kon gewerk het nie.

Die laaste wet van die ou Kaapse Parlement ter bevordering van spraakvryheid is Wet 1 van 1882. In artikel II van hierdie wet word bepaal: „From and after the passing of this Act all debates and discussions in the Legislative Council and the House of Assembly may be conducted in either English or Dutch, but in no other language.”⁽¹⁰⁰⁾

Dit val op dat die Kaapse koloniste, nadat hulle eie wetgewende organe verkry en selfbestuur verwerf het, spoedig tot die verlening van ruimer demokratiese vryhede oorgegaan het. Die belemmeringe op die spraakvryheid van die Nederlands/Afrikaanssprekendes is algaande opgehef.

III. Spraakvryheid in die Boererepublieke:

Die demokratiese gesindheid van die Voortrekkers blyk uit die heel eerste bepaling van die eerste dokument ter instelling van ordelike regering in wat tans die provinsie Transvaal is. Art. I van die Drie en Dertig Artikelen, uitgereik op 9 April 1844, lui naamlik: „1. Alle teregtzittingen zullen in het openbaar gehouden worden.”⁽¹⁰¹⁾ In hofgedinge, word in art. 16 bepaal,

(98) Ibid, p. 58.

(99) Ibid.

(100) Ibid, p. 66.

(101) Ibid, p. 349.

kan „elk perzoon zijne eigene zaak bepleiten; maar hij heeft ook het regt iemand in zijn plaats te qualificeren om in zijn plaats voor de Regtbank te fungeren.“⁽¹⁰²⁾ In hierdie dokument word nêrens van spraakvryheid gerye nie, maar art. 30 bepaal dat verkiesings vir die volksraad elke jaar moet plaasvind,⁽¹⁰³⁾ en word die verdere insiggewende voorsiening gemaak: „31. In alle gevallen waarin deze wetten tekort mogen komen, zal de Hollandsche wet tot basis verstreken, doch op eene gemagtigde stijlform en overeenkomstig van het costuum van Zuid-Afrika en tot nut en welvaart van de maatschappij.“⁽¹⁰⁴⁾

In die Grondwet van die Suid-Afrikaanse Republiek van Februarie 1858 word op verskeie plekke blyke gegee dat die vryheidsdrang sedert 1844 eerder groter as geringer geword het. In art. 8 word verklaar: „Het volk eischt de meest mogelijke maatschappelijke vrijheid en verwacht dien van het behoud van zijn godsdienstig geloof; van de nakoming zijner verbindtenissen; van zijne ondergeschiktheid aan wet, orde en regt, en de handhaving van dezelve.“⁽¹⁰⁵⁾ In art. 10 word verklaar: "Het volk wil geen slavenhandel, noch slavernij in deze Republiek dulden"⁽¹⁰⁶⁾ en in art. 12 lui dit: "Het volk geeft de wetgeving in handen van een Volksraad, het hoogste gezag des lands, bestaande uit verteenwoordigers of lasthebbers des volks, door de stemgeregtigde burgers gekozen; doch alleen voor zoverre, dat aan het volk drie maanden tijds zal gelaten zijn om over eene voorgestelde wet zijn oordeel aan den Volksraad desverkiezende te kunnen inleveren; behalve de wetten die geen uitstel kunnen lijden."

En dan volg artikel 19 wat bepaal: "Vrijheid van drukpers is toegestaan, mits de drukker en uitgever verantwoordelijk blijven voor al de stukken die eerschennis, belediging of aanranding van iemands karakter bevatten."⁽¹⁰⁷⁾

Heel belangrik was ook art. 45 waarin bepaal word: „De vergaderingen (van die Volksraad) worden met opene deuren gehouden, tensij dat de Voorzitter of de President van den Uitvoerende Raad het noodig oordeelt dat de be= raadslagingen over het een of ander voorstel in het geheim worden gehouden. De aenwesige personen, die geen zitting in den Volksraad hebben, mogen niet

(102) Ibid, p. 353.

(103) Ibid, p. 356.

(104) Ibid.

(105) Ibid, p. 364.

(106) Ibid.

(107) Ibid, p. 366.

spreken, dan wanneer zij op eene vraag van den Voorzitter hebben te antwoor= den."⁽¹⁰⁸⁾ Geen ingrypende wetgewing wat as inkorting van enige vryheid beskou kan word, is deur die Republikeinse Volksraad goedgekeur nie, behalwe miskien Wet 10 van 30 Julie 1888, art. 1 waarvan bepaal: „De Hollandsche taal is de officieële taal des lands. Alle andere talen zijn vreemde talen."⁽¹⁰⁹⁾

Hierdie artikel moet vertolk word as 'n duidelike kennisgewing deur die Republiek van sy voorneme om buite die Engelse invloedssfeer in Suidelike Afrika te bly. Dit is ingevoer pas sewe jaar nadat die Eerste Vryheidsoorlog ver= by was en vroeg nadat die instroming van immigrante, grotendeels Engelstalig, as gevolg van die ontdekking van goud te Barberton, Klerksdorp en Johannesburg begin het. Dit kan ook vertolk word as 'n kennisgewing van die Republikeinse regering aan die aankomelinge dat hulle hulle by 'n Nederlands/Afrikaanse milieu moet begin aanpas. Oorweginge van die veiligheid van die staat het ongetwyfeld ook 'n rol gespeel omdat 'n sterk sametrekking van vreemdelinge die rus en veilig= heid van die staat in die gedrang kon bring. Hoe sterk hierdie sametrekking en hul invloed op die pers van die Republiek was, blyk o.m. uit die opname wat dr. Engelenburg op 6 Mei 1893 aan die Staatsekretaris van die Republiek beskikbaar gestel het. Hy verklaar: „Met de opkomst sinds 1886 der Witwatersrand-goudvel= den is ook voor de drukpers en wat daarmee in verband staat, een nieuw tijd= perk aangebroken. In weinige jaren, ja maanden, verrees Johannesburg met zijn beweeglijke en nerveuse bevolking van Engelschen, Duitschers, Amerikanen en Australiërs, om de Afrikaners niet te vergeten. Weldra werden groote drukke= rijen opgericht door Maatschappijen met een ruim kapitaal. Er verschenen dag= bladen en weekbladen van allerlei gehalte, allen in de Engelsche taal, de Golden Age, de Diggers News, de Gold Fields Times, de Lantern, de Standard, de Mining Argus en de Star." Benewens hierdie Engelse koerante het The Press as dagblad in Pretoria verskyn en elders in die Republiek die Potchefstroom Bud= get, Zoutpansberg Review, Klerksdorp Review, The Critique en The Noon, vol= gens Engelenburg almal politieke blaaië. Daar was 'n wesenlike gevaar dat En= gels Nederlands as koeranttaal in die Republiek kon verdring.

IV. Die Oranje-Vrystaat:

Kiesreg is in die Grondwet van 10 April 1854, soos in geringe mate gewy= sig in 1866, 1868 en 1892,⁽¹¹⁰⁾ reeds op 18-jarige leeftyd aan burgers verleen,

(108) Ibid, p. 372.

(109) Ibid, p. 482.

(110) Ibid, p. 285.

maar dan slegs ten opsigte van die verkiesing van veldkommandante en veldkornette (art. III). Vir die verkiesing van die President en lede van die Volksraad was die stemreg tot meerderjarige mans beperk. (art. IV).⁽¹¹¹⁾ Belangrik in hierdie verband is dat Volksraadsverkiesings om die twee jaar plaasgevind het, aangesien art. IX bepaal het dat die helfte van die lede om die twee jaar moss aftree.⁽¹¹²⁾

Die status en vryheid van die burgers is in drie artikels vasgelê. Art. LVII bepaal: „De wet is voor allen gelijk; met dien verstande, dat de regter alle wetten met onpartijdigheid zal uitoefenen, zonder aanzien van personen,”⁽¹¹³⁾ terwyl art. LX lui: „De persoonlijke vrijheid, mits blijvende binnen de bepalingen der wet, wordt gewaarborgd.”⁽¹¹⁴⁾ Ten opsigte van persvryheid lui die laaste artikel van die Grondwet (LXI): „De vrijheid der drukpers word gewaarborgd, mits blijvende binnen de Wet.”⁽¹¹⁵⁾

Tot die herroeping van die Vrystaatse Grondwet by Proklamasie 3 van 1903 deur die Britse militêre bewind nadat dit op 24 Mei 1900 opgeskort is,⁽¹¹⁶⁾ is geen burgerlike vryhede by wetgewing ingekort nie en het geen voorval onder die aandag gekom wat vertolk kan word as 'n bedreiging van die staatsveiligheid deur onverantwoordelike persoptrede nie.

Samevatting:

Die vryheidsgeskiedenis van Suid-Afrika moet teen die agtergrond van koloniale onderhorigheid oor drie eeue gesien word, 'n onderhorigheid wat in die besonder vir die Hollandssprekendes 'n drukkende las was. Vir die Hollandssprekendes was daar naamlik nie slegs gebrek aan staatkundige vryheid en politieke regte nie, maar oor 'n lang tydperk ook aan spraak- en taalvryheid. Vir die Engelssprekendes in wie se hande die beperkte staatsgesag van die Britse kolonies in Suidelike Afrika in elk geval berus het, was daar, al was dit beperk, politieke regte en taalregte. Die verset van die Engelstaliges in die twintiger jare van die 19e eeu het teen ontoereikende persoonlike vryhede, waaronder spraak- en persvryheid, opgelaai, maar nie teen ontoereikende staatkundige vryheid nie, in elk geval nie voordat die Britse koloniale bewind sowat 50

(111) Ibid, p. 287.

(112) Ibid, p. 288.

(113) Ibid, p. 295, 296.

(114) Ibid, p. 296.

(115) Ibid.

(116) Ibid, p. 285.

jaar aan die Kaap gevestig was nie. Die twee volksgroepe het met ander woorde verskillende vryhede gesoek: die Hollandssprekendes, veral in die noordelike dele van die Kaapkolonie, die Vrystaat en Transvaal, het hulle in die eerste plaas vir staatkundige vryheid beywer, die Engelstaliges vir persoonlike vryheid.

Wat meer is: daar is 'n duidelike historiese verskil in die siening van persvryheid tussen Brit en Nederlander/Afrikaner. In Hoofstuk III is aangetoon dat die Britse persmanne sedert die begin van die sewentiende eeu in die moederland deur die owerheid gekortwiek is op 'n wyse wat meer as twee eeue lank tot wrywing en agterdog tussen pers en owerheid sou lei. Die Suid-Afrikaanse bevolkingsdeel van Nederlandse afkoms het histories vanweë die veel gematigder sensuurbeleid van die Nederlandse regering, soos in Hoofstuk III aangetoon, so 'n stryd nooit geken nie.

Die Suid-Afrikaanse vryheidstendens kan dus beskryf word as duidelik tweeledig: Aan Nederlands/Afrikaanse kant het dit in die eerste plek om staatkundige vryheid gegaan in 'n samelewing waarin later ook voorsiening vir die vryheid van die pers gemaak kon word; aan Engelstalige kant is die persoonlike spraakvryheid voorop gestel, al was dit in 'n samelewing wat staatkundig byna geheel onvry was.

In die nastrewing van hul onderskeie ideale het die Engels- en Hollandstaliges heeltemal verskillende weë gevolg. By die Engelstaliges was daar 'n driftige, maar kortstondige opvlamming van tradisioneel geworde ongeduld met inmenging met die pers, terwyl die Hollandstaliges veel stadiger, maar na 'n veel omvattender doelwit beweeg het: volstreekte onafhanklikheid in staatkundige sin, waarvan pers- en spraakvryheid 'n onderdeel is.

Spore van hierdie tweeledige tendens is vandag nog te bespeur: by die Engelstalige pers as 'n steeds aanwesige agterdog by die geringste teken van wat moontlik tot 'n inkorting van persvryheid kan lei; by die Afrikaanstalige pers as 'n meer geredelike aanvaarding van beperkende maatreëls op die pers, mits 'n goeie saak daarvoor uitgemaak kan word dat daardie inkorting in belang van groter staatkundige vryheid en die staatsveiligheid nodig is. Hierdie aspek word in Hoofstuk V nader ondersoek.